

Bid saam

Gebedsgids
no 3 • 2019

met die Bybelgenootskappe



JULIE

30 Jun – 6 Jul

Italië: Bid vir Bybelwerk in die land en dat God se Woord die harte van ons bevolking sal bereik. Bid dat dit vir ons moontlik sal wees om die Bybel in die verskillende formate

en vertalings wat mense benodig, beskikbaar te stel.

Duitsland: Bid dat die vertaling van die Ou Testament van die Basiese Bybel vanjaar voltooi sal word. Bid dat hierdie vertaling in 2020 vir die eerste keer as 'n volledige Bybel gepubliseer sal word. Bid vir die voortdurende ondersteuning van

kerke en donateurs.

Oostenryk: Bid vir die menigte kinders en tieners wat ons Bybelsentrum besoek. Bid ook vir vlugtelinge en gevangenes in Oostenryk wat die Bybel in hul moedertaal ontvang. Bid vir ons personeel, donateurs en almal wat by Bybelwerk betrokke is.

7 – 13 Jul

Bosnië-Herzegowina:

Bid vir Bybelwerk in hierdie land. Bid dat die Woord van God 'n impak op mense sal hê en dat die Bybelbehoefte van die Christene vervul sal word. Bid dat God kragtig sal werk ondanks die moeilike sosio-ekonomiese omstandighede.

Kroasië: Bid vir die nuwe Bybelvertalingsprojek en die bediening. Bid ook vir die Wes-Baltiese vennootskap. Dank die Here vir die goeie samewerking met die onderskeie kerke in al ons projekte.

Serwië: Dank die Here vir wat die Bybelgenootskap sover kon bereik met die verspreiding van God se Woord in hierdie land. Bid dat verskillende generasies, maar veral jongmense en kinders, bybelse beginsels kan leer.

Slowenië: Bid dat die Slowene Jesus kan leer ken deur sy Woord. Bid dat die nuwe sendingprogram, *Geestelike groei met die Bybel*, hiermee sal help. Bid dat die vennootskappe met alle kerke en bedienings versterk sal word.

14 – 20 Jul

Albanië: Bid vir die publikasie van die nuwe vertaling van die Ou Testament asook die eerste vertaling van die volledige Bybel in Albanees. Bid vir die aanvang van die vertaling van die Nuwe Testament in

Gheg Albanees, asook vir die finansiële ondersteuning vir die vertaling van die Septuagint.

Griekeland: Bid vir die harte van al die tieners wat aan die 15de Internasionale Boekeskou in Tessalonika deelgeneem het. Die nuwe publikasie, *The Illustrated Bible*, is tydens die skou bekendgestel. Bid ook vir die tweede eeufees van die Ioniese Bybelgenootskap in Corfu, die eerste Bybelgenootskap in ons land.

Macedonië: Bid dat die Here sal voortgaan om Bybelverspreiding in ons land te seën. Bid dat ons bybelse beginsels veral onder jongmense en kinders, sal bevorder. Bid dat die Here ons personeel sal lei.

21 – 27 Jul

Litauë: Bid steeds vir die vertaling van die Nuwe Testament in moderne Litaus. Dank die Here vir die groot sukses van die *Lewende prente*-fotografiekompetisie wat ons tieners gehelp het om meer van die Bybel te leer en om hul geloof op 'n kreatiewe manier te deel.

Belarus: Dank die Here vir die verwydering van die hindernis wat die verspreiding van sy Woord in Belarus belemmer het. Bid dat die Bybelgedeeltes wat deur die *Versprei saam*-projek versprei word, die harte van diegene in nood sal aanraak en dat dit vir die res van die jaar sal voortduur.

AUGUSTUS

28 Jul – 3 Aug

Estland: Bid dat die bybelse boodskap verder oor die land sal versprei, veral onder jongmense en kinders. Dank die Here vir die Bybelwerk wat hier gedoen word.


Letland: Bid dat die mense van Letland die transformerende krag van God se Woord sal ontvang. Bid dat ons projekte diegene sal aanraak vir wie dit bedoel is. Bid ook spesifiek vir die hersiening van ons Bybel wat binnekort begin.

Roemenië: Bid vir die ontwikkeling van ons voortgaande en toekomstige projekte asook vir 'n groot impak op ons teikengroep. Bid vir ons holistiese en missiegedrewe projekte vir kinders en kanker pasiënte. Bid ook vir ons trauma-beradingprojek.

4 – 10 Aug

Bulgarye: Bid dat ons deur Bybelverspreiding bybelse beginsels vir verskeie segmente van ons bevolking kan leer, veral jongmense en kinders. Bid ook dat ons publikasieprojekte Bybelbetrokkenheid sal aanmoedig.

Hongarye: Dank die Here vir ons Studiebybel, asook vir Bybelverspreiding onder die Romani en in die suide van Oekraïne. Bid ook vir ons projekte, wat die



Ekumeniese Bybelvertaling en die vertaling van die Nuwe Testament in Gebaretaal, insluit. Bid ook vir ons ondersteuners en personeel in die aanloop tot ons 70ste bestaansjaarviering.

Moldowa: Bid vir die nodige wysheid om Bybelwerk in Moldowa te ontwikkel asook om alle behoeftige mense met sy Lewende Woord te bereik. Bid ook vir die ekonomiese, sosiale en politieke situasie in ons land.

11 – 17 Aug

Tadjikistan: Bid dat die Here Bybelwerk hier sal seën en dat God se Woord die harte van die hele bevolking sal bereik. Bid dat die Bybel in formate en tale beskikbaar gestel sal word wat in die mense se behoeftes sal voorsien.

Oekraïne: Bid dat die Here Bybelwerk in die land sal seën

ten spyte van die moeilike politieke en sosio-ekonomiese omstandighede. Bid dat ons die Bybel in formate en vertalings beskikbaar kan stel wat in ons mense se behoeftes sal voorsien.

Oesbekistan: Bid dat God se Woord ons mense sal aanraak. Bid dat ons deur ons Bybelwerk die Bybel vir almal toeganklik sal maak in 'n formaat en vertaling van hul keuse.

18 – 24 Aug

Tsjeggiese Republiek: Bid dat die bybelse boodskap regoor ons land gehoor sal word. Mag die Here die Tsjeggiese Christene versterk om die Woord met die res van die bevolking te deel. Dank die Here vir Bybelwerk wat reeds hier gedoen is.

Pole: Dank die Here vir sy volgehoue seëninge wat ons Bybelgenootskap ontvang.

Bid vir ons toekoms, vir ons nuwe Ekumeniese Bybel en vir almal wat geloof, hoop, liefde en vertroosting sal vind wanneer hulle hierdie moderne vertaling lees. Dank die Here vir ons personeel.

Slowakye: Prys die Heer vir die sukses van ons projekte wat daarop gemik is om verstoteling soos die Romani-gemeenskap, siggestremdes en Dowes, met die Bybel te bereik. Bid vir die vertaling van die Bybel in Gebaretaal.

25 – 31 Aug

Algerië: Prys die Here vir wat ons kon bereik met die verspreiding van God se Woord in Algerië. Bid dat ons bybelse beginsels vir veral ons jongmense en kinders kan leer.

Egipte: Bid vir ons poging om die *Bible World*-toer op te dateer. Die huidige toer

is meer as 10 jaar gelede geskryf en vervaardig en dit kort 'n dringende herontwikkeling wat tegnologie betref. Bid vir die werk aan 'n nuwe draaiboek en films asook vir die nodige toerusting en bykomstighede.

Marokko: Bid dat ons bybelse beginsels vir alle ouderdomsgroepe kan leer, maar veral vir jongmense en kinders. Bid ook vir projekte wat mense nader aan die Bybel en sy boodskap sal bring.

Tunisië: Bid vir God se werk in Tunisië. Die land gaan gebuk onder politieke en ekonomiese onrus en ons verkiesing vind later vanjaar plaas. Bid vir God se hand in hierdie situasie en dat sy Woord lewens sal verander.

SEPTEMBER

1 – 7 Sep

Israel: Bid dat God dit moontlik sal maak dat meer mense, veral die jeug, die Bybelse boodskap sal ontdek. Dank Hom vir Bybelwerk in die land.

Arabiese-Israeliese Bybelgenootskap: Bid dat God ons steeds sal lei en so sy wil in die land laat geskied. Bid dat die Here met sy teenwoordigheid die personeel sal bekragtig. Bid ook dat daar in al ons finansiële behoeftes voorsien sal word.

Palestynse Gebiede: Bid vir hoop, vrede, geregtigheid en voorsiening vir die Palestyne

wat in Oos-Jerusalem en in die Palestynse gebiede bly. Bid vir die plaaslike Kerk om sterk te staan en vir 'n hart om die armes en behoeftiges te help. Bid vir hernude krag vir ons leiers en personeel.

8 – 14 Sep

Jordanië: Bid vir geleenthede om mense met verskillende agtergronde te help om die waarheid te vind wat hulle sal bevry en hulle lewens sal verander. Bid dat ons personeel wysheid en goeie oordeel sal hê.

Sirië: Bid steeds vir vrede in Sirië en vir die Woord wat ware vrede vir mense gee. Dank die Here dat die Bybelgenootskap deel kan wees van die Kerk en die land.

Libanon: Bid dat die bestaande Bybelbetrokkenheidprogramme steeds die gemeenskap sal bereik. Bid vir die traumaberadingprogram, verskillende publikasies en vir Bybelverspreiding. Bid ook vir ons ondersteuners en spanne terwyl ons voortgaan om die Kerk in die Midde Ooste te dien.

15 – 21 Sep

Ciprus: Dank die Here vir al ons hulpbronne hier in Ciprus. Hoewel ons 'n relatiewe klein Bybelgenootskap is, is ons in staat om steeds die mense te bedien. Bid vir meer donasies sodat ons kan voortgaan met hierdie wonderlike werk vir die Ciprus-gemeenskap. Dank die Here vir die Nuwe Testament

wat deur die Ministerie van Opvoeding in skole versprei word.

Malta: Bid dat die Here Bybelwerk in hierdie land sal seën en dat sy Woord die harte van Maltese sal bereik. Bid dat ons in die behoeftes van individue sal kan voorsien.

Turkye: Bid steeds vir die traumaberadingprojek wat so 'n verskil maak in baie mense se lewens. Bid vir nog geleenthede om mense op te lei en meer mense te bereik.

22 – 28 Sep

Irak: Dank die Here vir die oorfloed van sy genade. Bid vir die vertoesting van vlugtelinge wat terugkeer na hulle huise. Bid dat die Bybelgebaseerde traumaberadingprojek alle dele van Irak kan bereik. Bid ook vir die personeel en vrywilligers.

Golfstate: Dank die Here dat ons deel kon wees van die 18de Internasionale Boekeskou in Bahrein. Bid vir al ons projekte vir 2019 wat die verspreiding van Bybelgedeeltes aan immigrante, traumabehandeling, nuwe Bybelgedeeltes vir jongmense, hospitaalbesoeke en geletterheidsprogramme insluit.

Iran: Bid vir die beskerming in die streek en dat daar in die Bybelbehoefes van die Christene wat hier bly voorsien sal word. Bid dat die Here ons donateurs en vennote se werk sal seën.